Les 11

**5 tot 11 Desember*

Die Christen en werk

Sabbatmiddag

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Gen. 3:19, Deut. 16:15, Eks. 25:10–30:38, Gal. 5:22–26, Pred. 9:10, 1 Kor. 10:31.

Geheueteks:

"Daarom, my geliefde broeders, wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie" *(1 Korintiërs 15:58).*

Arbeid is deur God daargestel. In die ideale wêreld voor sonde het God vir Adam en Eva 'n taak gegee om die tuin te versorg *(Gen. 2:15).* Hulle Skepper, na wie se beeld hulle geskape is, het hulle die opdrag gegee om kreatiewe en liefdesdiens te lewer. Selfs in 'n sondelose wêreld sonder lyding en dood, voor die sondeval, moes die mensdom arbeid verrig.

In hierdie "oorgangstydperk" (tussen die ideale wêreld en die beloofde nuwe een), word ons uitgenooi om arbeid as een van God se seëninge te beskou. Elke kind in die Joodse gemeenskap is 'n ambag geleer. Trouens, daar is gesê dat indien 'n vader nie sy seun 'n ambag geleer het nie, maak hy 'n krimineel groot. Intussen het Jesus, die Seun van God, baie jare deurgebring om Sy Vader se wil te doen deur as 'n bekwame timmerman te werk. Dalk het Hy die inwoners van Nasaret van bruikbare meubels en landbou-implemente voorsien *(Markus 6:3).* Dit was ook deel van Sy opleiding om Hom voor te berei vir Sy toekomstige bediening. Die apostel Paulus het net so ook die Here se werk gedoen toe hy saam met Akwila en Priscilla vir 'n jaar en 'n half as tentmaker gewerk het, asook toe Hy op Sabbatdae in die sinagoge gepraat het *(Hand. 18:1–4, 2 Tess. 3:8–12).* Hierdie week gaan ons kyk na die vraagstuk oor arbeid en die rol wat dit in Christelike opvoeding speel.

**Bestudeer hierdie weeks se les as voorbereiding vir Sabbat, 12 Desember.*

Sondag

6 Desember

Die vele aspekte van werk

"Ek het tot die insig gekom dat daar vir 'n mens niks beter is nie as om vrolik te wees en die goeie van die lewe te geniet. Dat die mens kan eet en drink en onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet, ook dit is 'n gawe van God" *(Pred. 3:12, 13, AFR83).*

"Werk" (oftewel, *work* in Engels) is 'n stewige Anglo-Sakse woord sonder fieterjasies. Dit bestaan uit een sillabe, en tog het dit verskeie betekenisse. Uit noodsaaklikheid werk ons om kos op die tafel te sit, die rekeninge te betaal, en 'n bietjie te spaar vir moeilike tye. Om jou werk te verloor, is veel erger as om wel 'n werk onder slegte omstandighede te hê. Werk gee 'n persoon 'n mate van selfwaarde. Werk is 'n algemene manier om die vraag "Wat doen jy?" of selfs "Wat is jy?" te beantwoord. Die meeste afgetrede persone verkies om deeltyds voort te gaan met hulle werk so lank as wat dit moontlik is. Sommige mense sal selfs liefdadigheidswerk sonder betaling verrig. 'n Werk gee aan mens 'n doel om in die oggende op te staan. Bied aan 'n tiener die geleentheid om te werk, en daar is een kandidaat minder vir misdaad.

Lees Genesis 3:19. In watter konteks word hierdie dinge gesê, en wat deel dit ons mee oor 'n ander sy van werk, al is dit net vir die huidige?

Die werk wat voor die sondeval gedoen is, verander meteens ná die sondeval. Hier word nou verwys na 'n ander soort werk. Vir sommige beteken werk die daaglikse geswoeg en gespartel, wat tot 'n einde sal kom met die dood. Hulle arbei in werke wat hulle haat, en hoop om uiteindelik in goeie gesondheid af te tree. Vir ander kan hul werke hulle hele lewe oorneem, dit vorm die middelpunt van hulle hele bestaan, en kan selfs die allesomvattende bron van hulle totale persoonlikheid wees. Wanneer hierdie mense nie by die werk is nie, raak hulle depressief of gedisoriënteerd, en onseker wat om te doen of waarheen om te draai. By aftrede val hulle liggaamlik en geestelik uitmekaar, en sterf dikwels heel voortydig.

Christene moet leer hoe om volgens God se wyse te werk. Werk is meer as 'n ekonomiese noodsaaklikheid. Die mens is meer as net 'n werknemer. As mens dit reg begryp, is jou lewenswerk 'n pad van bediening, 'n uitdrukking van jou verhouding met God. 'n Groot deel van 'n onderwyser se taak is om studente te help met werk sodat hulle vaardighede en Godgegewe belangstellings paaie kan kruis met die behoeftes van die wêreld.

Wat doen jy? Die vraag hier beteken eintlik wat doen jy met jou lewe, en hoe kan jy die Here nog meer verheerlik deur dit te doen?

Maandag

7 Desember

Werk en versorging

Roeping en werk gaan oor die "besig wees" van die lewe. Selfs diegene wie se werk slegs breinkrag vereis, verrig tog op een of ander stadium ook 'n bietjie fisiese arbeid, al beteken dit net om op die sleutelbord van die rekenaar te tik.

Wat leer die volgende teksverse ons oor werk – die simboliese gebruik van "hande"?

Deut. 16:15

Pred. 9:10

Spr. 21:25

Jer. 1:16

God het aan ons "die arbeid van ons hande" gegee sodat ons daardeur vervulling en vreugde mag ervaar *(lees Spr. 10:4, 12:14)*. In die sielkunde beskryf die term "selfdoeltreffendheid" die oortuiging dat elke mens oor die vermoë beskik om iets betekenisvol in die lewe te bereik. Selfdoeltreffendheid word nie vermeerder deur herhaling nie, "Ek dink ek kan! Ek dink ek kan!" Slegs deur iets te doen, kan mens jou selfdoeltreffendheid vermeerder.

Terwyl die "arbeid van ons hande" God se seëning aan ons is *(lees Ps. 90:17)*, stel dit ons in staat om 'n betekenisvolle lewe te lei, en God se uiteindelike plan is dat "die arbeid van ons hande" tot ander se seën sal strek.

Paulus skryf dat ons arbeid moet verrig, ons moet iets nuttigs met ons hande doen sodat ons iets kan hê wat ons met ander kan deel. Paulus het beslis volgens hierdie beginsel geleef: "Maar julle weet self dat hierdie hande voorsien het in die behoeftes van my en die wat by my was. Ek het julle in alles getoon dat ons deur so te arbei die swakkes moet help en die woorde van die Here Jesus moet onthou, dat Hy gesê het: Dit is saliger om te gee as om te ontvang" *(Hand. 20:34, 35)*. Nehemia se gebed behoort ook ons gebed te wees: "Sterk tog my hande, o God!" *(Neh. 6:9, AFR83)*.

Watter ingesteldheid het jy teenoor jou werk? Hoe kan jy jou werk of beroep inspan om 'n groter seën vir ander te wees?

Dinsdag

8 Desember

Werk en uitnemendheid

Lees deur Eksodus 25:10–30:38. Hoe noukeurig was God toe Hy Moses gevra het om ‘n tabernakel vir aanbidding op te rig? Wat vertel dit ons aangaande die karakter van God?

Toe God vir Moses die opdrag gegee het om ‘n tent “vir Hom” op te rig, kon Moses geantwoord het: “Geen probleem nie, Here! Ek slaan al die afgelope veertig jaar tente op vandat ek uit Egipte gevlug het . . . gee my net ‘n minuut!” Vir enige man wat toe in die semi-nomadiese kultuur van die Midianiete gewoon het, was die oprig van ‘n tent kinderspeletjies. Hy kon dit waarskynlik geblinddoek doen, of outomaties, sonder om te dink terwyl sy gedagtes elders met belangriker dinge besig was. Moses het waarskynlik egter nie so ‘n gedetailleerde bloudruk (vir ‘n andersins eenvoudige argitektoniese struktuur) verwag nie, en saam daarmee boonop nog ‘n lang kontrolelys oor elke meubelstuk vir die binnekant, sowel as voorskrifte vir die priesters se klere– ‘n bykans 150-punt opdrag. Net om ‘n eenvoudige tafel te kon bou, moes Moses ‘n stapsgewyse plan van sewe punte volg *(Eks. 25:23–30)*.

Die aandag wat God aan die detail in die oprigting van Sy tent geskenk het (asook later met die instruksies vir die offerandes en rituele), toon ‘n heersende gees van uitnemendheid, ‘n begeerte om niks minder as ‘n meesterstuk te skep nie. Die materiale moes van die hoogste gehalte wees, die ontwerp onberispelik, en die vakmanskap uitstaande- die boodskap was baie duidelik: “Met God word geen afskeepwerk geduld nie!”

Alhoewel die standaard baie hoog daargestel is, was dit God Self wat die dryfkrag gegee het, saam met die menslike hulpbronne om hierdie taak uit te voer. Ons lees in Eksodus 31:1–6, 35:30–36:1 dat God Self die nodige vaardighede aan die mense gegee het. Hierdie manne was “toegerus met Sy Gees”, sodat hulle die vermoë en kennis in alle soorte vakmanskap gehad het om die oprigting van die tabernakel en die meubels daarin te bou “soos die Here beveel het” *(Eks. 36:1, AFR83)*. Verder is dieselfde twee meesterontwerpers ook toegerus met die “vaardigheid om ander as vakmanne op te lei” *(Eks. 35:34, AFR83),* sodat hulle kennis en vaardigheid in die Israelitiese gemeenskap kon bly voortleef. Al word hierdie twee individue in die verhaal uitgesonder as die verkose leiers van God, het ander mense soortgelyke gawes ontvang en het hulle met die werk gehelp *(Eks. 36:2)*.

Om dus ‘n gevalle sondaar te wees, is geen geldige verskoning om enige taak met iets anders as uiterste toewyding uit te voer nie. God verwag dat ons deurentyd volgens ons beste sal presteer, en om ons talente, vaardighede, tyd, en opvoeding tot nut van groot doelwitte aan te wend.

Woensdag *9 Desember*

Werk en geestelikheid

"As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel" (Gal. 5:25). 'n Mens se werk en geestelikheid is onskeibaar. Christenskap is nie 'n kleed wat mens kan oorgooi of afhaal soos jou gemoed deur die verskillende fases van jou lewe verander nie. Christenskap is eerder iets wat 'n nuwe mens skep wat hom- of haarself in elke stadium van die lewe, ook by die werk, kan handhaaf.

Lees Galasiërs 5:22–26. Watter gawes wat Paulus hier noem, beskryf ook jou en jou werk?

_____

_____

_____

_____

The Expository Dictionary of New Testament Words beskryf die "geestelike" persoon as "een wat op sy eie manier die vrug van die Gees openbaar" *(vry vertaal)*. Hieruit kan ons aflei dat ons deur ons verbintenis met Christus, as gelowiges werksaam sal wees op elke terrein van ons lewens.

'n Pasiënt het op sterwe gelê in 'n hospitaal in Florida, met sy beste vriend wat langs sy bed gewaak het. Verpleegsters het gekom en gegaan terwyl hulle hom versorg het. Vir 'n bietjie geselskap het die vriend die verpleegsters gevra waar hulle hul opleiding ontvang het. Baie het gesê dat hulle hul opleiding aan die Verpleegsterskollege van die Florida hospitaal ontvang het. Dit het 'n groot indruk op die vriend gemaak. Gevolglik het hy 'n hele paar besoeke aan hierdie Verpleegsterskollege gebring om self te gaan kyk hoe dit daar was. Waarom? Omdat hy aan mense vertel het dat die verpleegsters wat by hierdie kollege opgelei is baie meer liefdevolle versorging aan sy sterwende vriend betoon het, as verpleegsters wat aan ander kolleges gestudeer het. Hy was dus in staat om 'n groot verskil tussen hulle en die ander in hulle houding teenoor sy sterwende vriend te sien.

Hy het steeds baie vrae oor die kollege en sy sending gevra, en uiteindelik 'n skenking van $100,000 gemaak om meer verpleegsters soos die ander wat hy in aksie gesien het, op te lei. Ja, geestelikheid is inderdaad 'n lewenswyse.

Hoe vertoon jou eie geestelikheid in jou daaglikse take in jou lewe? Watter soort indruk dink jy maak jy (want uiteindelik maak jy beslis 'n indruk)?

Donderdag *10 Desember*

Werk en rentmeesterskap

"Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag" *(Pred. 9:10)*. Die wysste manne gebruik hierdie hierdie woorde van advies oor rentmeesterskaap in elke aspek van die lewe. Wanneer daar om kommentaar gevra word oor Christelike rentmeesterskap is baie se gedagtes beperk tot die Christen se finansiële verantwoordelikheid. Al is geld beslis 'n belangrike aspek van rentmeesterskap, is dit te eng om dit slegs tot geld te beperk. In die organisatoriese teorie verwys rentmeesterskap na die verantwoordelike bestuur om alle beskikbare hulpbronne behoorlik te gebruik en te ontwikkel. Met watter hulpbronne het God ons in die kerk geseën? Petrus stel dit baie duidelik dat elke persoon gawes het wat die Skepper aan hom toebedeel het; en hy verwys na hierdie begaafde Christene as 'n "heilige priesterdom" *(1 Pet. 2:5),* met 'n verantwoordelikheid teenoor God vir hulle rentmeesterskap van alle gawes van God: finansies, tyd, energie, talente, en nog meer.

Lees Prediker 9:10 en 1 Korintiërs 10:31. Wat is die boodskap in hierdie teksverse oor hoe ons moet werk en hoe ons mense moet onderrig om te werk?

Een van die algemene struikelblokke in die hedendaagse lewe is die geneigdheid om die verskillende aspekte van die lewe te kompartementeer. Hierdie is mens se werkslewe, hierdie is mens se gesinslewe, hierdie is mens se geesteslewe, en hierdie is mens se ontspannigslewe. Die geneigheid om hierdie lewensareas van mekaar te skei sodat daar geen oorvleueling of inmenging van die een op die ander is nie, is in sommige gevalle gewens. Dit is byvoorbeeld nie 'n goeie ding om jou werk huis toe te bring as dit met gesinsverantwoordelikhede gaan inmeng nie. So ook moet die najaag van ontspanning nie ons tyd wat ons met God wil deurbring inkort nie.

Maar hierdie beperking behoort nie van toepassing te wees op die rol wat ons geesteslewe in elke aspek van ons lewensbestaan speel nie. Die Christen se werk groei uit gemeenskap en arbeid met God. Om te werk, is maar een van die aspekte waarin ons die teenwoordigheid van God kan beoefen. Om ons godsdienstige lewe in klein kompartementjies te plaas, om God te beperk tot een dag, een uur, of selfs net tot een gebied van ons lewe, is niks anders nie as om die besliste teenwoordigheid van God op die ander gebied te verwerp.

Hier is twee vrae: Eerstens, vra jouself af of jy inderdaad jou geesteslewe in kompartemente plaas. Tweedens, indien jy dit wel doen, hoe kan jy leer dat geestelikheid op alle gebiede van jou lewe heers?

Vir verdere studie:

Genesis 3, Prediker 2:18–23, Efesiërs 6:5–8; Lees Ellen G. White, "Die Versoeking en die Sondeval," pp. 52–62, in *Patriarge en Profete*. Werk — 'n vloek of 'n seën? Dit skyn dat dit gekom het as deel van die vloek ná sonde (Gen. 3:17). Met nadere ondersoek toon dit egter dat dit die grond was wat vervloek was, en nie die werk nie. Ellen G. White stel dit dat God bedoel het dat Sy opdrag om te werk as 'n seën moet dien: "Ook die lewe van arbeid en moeite wat die mens voortaan sou ken, is met liefde opgelê. Sy sonde het hierdie dissipline nodig gemaak. Dit sou sy luste en hartstogte temper en hom selfbeheersing leer. Dit was deel van die groot plan van God om die mens uit die verderf en vernedering van die sonde te red."—*Patriarge en Profete*, p. 60. Is dit moontlik dat ons dit 'n vloek kon maak deur eentonigheid, oorwerk, of die oorwaardering daarvan in ons lewens? Wat ookal ons situasie is, ons moet leer om arbeid in die regte perspektief te plaas. En Christelike opvoeding moet van hulp wees om mense op te lei om die waarde van werk te leer, maar terselfdertyd nie 'n afgod daarvan te maak nie.

Vrae vir bespreking:

1. Lees Prediker 2:18–24. Hoe kan Salomo werk as beide 'n vloek en seën beskou in dieselfde gedeelte van die Bybel? Watter leidrade vind ons in die teks oor wat die verskil maak in ons benadering tot ons werk?

2. Deur te werk versorg ons ons gesinne. Hoe dra mens 'n positiewe gesindheid oor werk aan jou gesinslede oor?

3. Die skeidslyn tussen die werk van 'n werkholis en om 'n uitstekende taak te verrig, is dikwels haardun. Hoe vermy ons dit om daardie lyn oor te steek? Lees Pred. 2:23.

4. Paulus stel dit baie duidelik: "Want ook toe ons by julle was, het ons julle dit altyd beveel; as iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie" (2 Tess. 3:10). Hierdie beginsel maak natuurlik baie sin. Is daar egter voorbeelde waar hierdie beginsel nie van toepassing is nie? Met ander woorde, waarom moet ons seker maak om nie hierdie reël in klip te giet wat nooit verbreek mag word nie?